SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 1 JUNIE 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

DEPARTEMENT VAN KOMMUNIKASIE SAL AMATEURRADIO VOORWAARTS NEEM

KENNISGEWING VAN SARL SPESIALE ALGEMENE VERGADERING

NOMINASIES VIR RAADSLEDE

SA AMSAT SAL VOORTGAAN

SATELLIETE DIE ONDERWERP VAN DIE VOLGENDE INTEGNET

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems. Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede. Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

DEPARTEMENT VAN KOMMUNIKASIE SAL AMATEURRADIO VOORWAARTS NEEM

Die Adjunk Direkteur Generaal van die Departement van Kommunkasie, Pakamile Pongwana, sê die Departement sal amateurradio voorwaarts neem deur die ontwikkeling van minstens een radioklub in elke provinsie te ondersteun ten einde amateurradio in die histories benadeelde gemeenskap te bevorder. In sy hoofrede by die WorldSpace AMSATCON 2003 wat verlede Saterdag by die Nasionale AmateurRadioSentrum gehou is, het hy gesê: "Ons is in die Departement bereid om staatsgeld deur die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie te neem om die aktiwiteit te bevorder. Gedurende die Wêreldkommunikasiedagvierings by Sun City op Sondag 1 Junie, dit is vandag, is ons van voorneme om 'n amateurradioklub in Pokeng in die lewe te roep. Dit sal met u ondersteuning wees dat ons sal seker maak dat wat ons ookal doen, ons dit nie op die verkeerde manier doen nie."

Hy het gesê dat die aktiwiteit van en die kundigheid en ondervinding wat radioamateurs het kan help om betrokkenheid in Wetenskap en Tegnologie veral onder die jongmense te bevorder. Dit is vir die Suid-Afrikaanse Radioliga nodig om seker te maak dat ons in die regte rigting beweeg. Sover dit die nuwe regulasies betref het hy gesê dat van die prosesse nie reg hanteer is nie maar dat hy persoonlik die verskeie punte hanteer en met die SARL sal saamwerk ten einde 'n spoedige einde te bereik.

In verband met aktiwiteite op die lug het hy gesê dat daar bekommernis is rondom dissipline in terme van die aktiwiteite van radioamateurs en dat radioamateurs dit moet hanteer en die SARL help om te verseker dat wat ookal gedoen word amateurradio daarstel as een van die mees gedissiplineerde aktiwiteite.

Hy het ook 'n beroep gedoen op radioamateurs om die begrip van transformasie te aanvaar om alle sektore van die gemaanskap in te sluit. Hy het gesê dat dit nie deur die regering ontwerp of voorgeskryf kan word nie maar dat dit die resultaat van raadpleging moet wees. Hy het versoek dat radioamateurs daar moet wees en moet saamwerk. :Laat ons seker maak ons bevorder die aktiwiteite waarin julle betrokke is. Dit is vir die beswil van die organisasie wat u verteenwoordig, dit is goed vir die land en dit is goed vir die Suid-Afrikaanse gemeenskap as geheel."

"Daardie soort van samewerking sal u die kampioene maak binne die begrip van Nepad. Elkeen in die wêreld neig om na Suid-Afrika te kyk om in Afrika aan die voorpunt te wees of te lei in aktiwiteite van so 'n aard. Die President het aan almal van ons 'n taak toevertrou om te verseker dat die ondervinding, vaardighede en bronne gebruik word tot voordeel van Suid-Afrikaanse burgers inwoners van Afrika. Dit is deur samewerking dat ons dit kan bereik. Ek doen 'n beroep op julle om die uitdaging te aanvaar en daar te wees wanneer Afrika u benodig."

KENNISGEWING VAN SARL SPESIALE ALGEMENE VERGADERING

Kennis word hiermee gegee dat in terme van Reël 12.3 van die Grondwet en Reëls van die SARL, dat 'n Spesiale Alegmene Vergadering gehou sal word by die Nasionale AmateurRadioSentrum, SENTECH -gronde, Johannesburg op Saterdag 21 Junie 2003 beginnende om 09:00. Registrasie en voorlegging van volmagte sal reeds om 08:00 begin.

Die vergadering word belê in opdrag van die lede teenwoordig by die Algemene Jaarvergadering wat op 29 Maart 2003 in Bloemfontein gehou is waartydens die Raad se Konsep Begrotingsvoorstelle deur die meerderheid van die lede en volmagte verwerp is.

Die doel van die vergadering is die voortsetting van die AJV-besigheid om die Begrotingsvoorstel vir 2004 en die Ledegeldvoorstel vir 2004 te oorweeg. (Items 8.5, 8.6, en 8.7 van die AJV-agenda).

NOMINASIES VIR RAADSLEDE

Daar is tans drie vakatures op die Raad weens die bedanking van die President en twee ander vakante poste. Volgens Reël 16.2 word nominasies ingewag van lede van die SARL om die vakatures te vul. Indien meer as drie nominasies ontvang word, sal 'n stemming gehou word. Elke nominasie moet die volgende insluit: 1. Volle name, roepsein en adres van die genomineerde; 2. 'n Amateurverwante CV van hoogstens 200 woorde; 3. 'n Ondertekende verklaring van die genomineerde dat hy/sy die nominasie sal aanvaar en op die Raad van die SARL sal dien indien verkies; 4. Elke nominasie moet deur 'n voorsteller en sekondant onderteken wees; 5. Alleenlik volopbetaalde lede (Reël 16.3) van die SARL mag genomineer word, voorstel en sekondeer. nie.

Die nominasies moet die Sekretaris nie later as die sluiting van besigheid teen 13:00 op Woensdag 18 Junie 2003 bereik nie. Die nominasies moet geadresseer word aan: Die Sekretaris, SARL en gepos word aan Posbus 1721 Strubensvallei, 1735 en gefaks word aan 011 675 2793

SA AMSAT SAL VOORTGAAN

SA AMSAT is gereaktiveer en sal voortgaan om amateursatellietaktiwiteit te bevorder. Hans van de Groenendaal, ZS6AKV, is die taak opgelê om SA AMSAT as die Interim President te lei. Hy sal deur 'n reëlingskomitee bygestaan word. Die volgende amateurs is verkies: Gerald Klatzko, ZS6BTD, Craig Gibson, ZR6CG, and Phillip van Tonder, ZS6PVT. Die reëlingskomitee het die mag om te ko-opteer.

Dave Long, ZS5FR, is verkies tot die reëlingskomitee om 'n SA AMSAT-groep in KZN te begin. Radioamateurs in ander sentrums van Suid-Afrika word uitgenooi om vrywilligers te wees om aktiwiteitsgroepe in hulle gebiede te begin. Stuur asb u besonderhede aan SAAMSAT@intekom.co.za.

Die ledegeld van SA AMSAT is op R50 vasgestel. Verdere besonderhede sal na die eerste vergadering van die komitee aangekondig word.

NARS OPE DAE

Om die Nasionale AmateurRadioSentrum te Radiokop meer doeltreffend te gebruik, is daar besluit om die eerste Saterdag van elke maand as 'n ope dag van stapel te stuur.

Die eerste oggend wat ons die sentrum gaan oopstel sal eerskomende Saterdag, 7 Junie wees. Daar sal gebruik gemaak word van die oggend om 'n kort vergadering te hou om idees te kry van belanstellendes oor wat van Julie tot en met 6 Desember gaan gebeur.

Ons beoog ook om ten minste een kattebakverkoping te reël plus baie ander interessante gebeurlikhede wat betrekking het op amateurradio.

Die vergadering Saterdag begin om 10:30.

Indien u die Saterdag nie kan bywoon nie, maar wel jou gedagtes oor wat ons kan doen met ons wil deel, stuur dit gerus aan Francois by francois@overflow.do.za

of faks dit aan 011 475-5946 sodat ons dit by ons lys kan byvoeg.

MET DIE VOLGENDE INTEGNET SAL SATELLIETE BESPREEK WORD

Die volgende SARL Integnet sal op Sondagaand 22 Junie plaasvind. Die besprekingsonderwerp sal amateursatelliete wees met die fokus op inligting vir nuwelinge oor hierdie faset van amateurradio. Dit sal 'n detailbespreking insluit oor hoe om die sogenaamde "maklike" satelliete te gebruik wat nie groot belegging in gesofistikeerde nuwe toerusting benodig nie.

SARL KINDERDAG

Die volgende kinderdag van die SARL sal op Jeugdag, Maandag 16 Junie op die lug wees. Die aktiwiteite sal vanaf 09:00 tot 11:00 op die 20, 40 en 2 m-bande plaasvind. Die doel van kinderdag is om jongmense (gelisensieerd of nie) aan te moedig om amateurradio te geniet. Dit bied jongmense eiehandige op-die-lug ondervinding sodat hulle 'n belangstelling kan ontwikkel om in die toekoms'n lisensie te verkry. Dit is bedoel om amateurs 'n geleentheid te bied om hulle stasies met kinders te deel.

Omdat die Comrades maraton op dieselfde dag plaasvind, moet kinderdagdeelnemers naam, ouderdom, ligging en gunsteling sportman of -vrou uitruil. Operateurs word aangemoedig om jongmense toe te laat om met ander jongmense in die land te praat en hulle nie te beperk tot net die uitruil van besonderhede nie. Wys die jongmense ook ander bedryfsmodusse soos GG, SATV, pakket, PSK31 ens.

Onthou asb. Om jou roepsein as 'n opvoedkundige stasie te registreer indien dit nie alreeds gedoen is nie.

Onthou Maandag 16 Junie is SARL kinderdag; my kinders hoop om met jou kinders te praat.

VERSOEK VIR SPESIALE ALGEMENE VERGADERING

'n Versoek vir die hou van 'n Spesiale Algemene Vergadering van die SARL is ontvang van ZS1SM en dertig ander lede in Afdeling 1 waarin gevra word dat die President, Tesourier en die Finansiële Komitee bedank.

Die versoek was gestuur aan die President van die SARL wat sedertdien bedank het en die Waarnemende President het die saak na die Sekretaris vir aksie verwys.

Ten einde lede die vereiste ses kennisgewingweke toe te laat sal 'n datum in Augustus benodig word.

Aangesien daar tans geen fondse beskikbaar is om die kennisgewings te druk en aan 1 324 lede te pos nie en om vir reiskostes toe te laat, sal hierdie SAV eers plaasvind nadat ledegeldinkomste beskikbaar kom. Dit behoort toe te laat dat die vergadering in Augustus 2003 kan plaasvind.

Geteken: Laurie Devereux ZS5DL Sekretaris

GG-LESSE IN DIE 80 m BAND

Isack Greeff,ZS2ZG, van Port Elizabeth, bied Morsekodelesse van Maandae tot Donderdae op 3 636 kHz aan. Sy bedryfskedule is as volg: 18:45 tot 19:00 - Die alfabet, syfers en verskeie ander karakters soos die komma en punt teen 5 wpm; 19:00 tot 19:45 - Groepe van 5 letters en syfers teen 12 wpm, met spraakherhaling tussenin; 19:45 tot 20:00 - Gewone teks wisselende van 12 tot 30 wpm;

Isack sal die lesse tot 28 Augustus aanbied.

2 METER SIMPLEKSHERHALER IN DIE SUID-KAAP OP DIE LUG

Die Gizmo Amateurradio Forum het op Saterdag 24 Mei die eerste eksperimentele simpleksherhaler in die Suid-Kaap geïnstalleer. Die simpleksherhaler verleen dekking in die Mosselbaai/George/Wildernes omgewing op 'n frekwensie van 145,525 MHz.

Die herhaler sal hoofsaaklik gebruik word vir eksperimentele en navorsingsdoeleindes wat onder andere die volgende behels:

1. Die monitering van 2 meter voortplantingstoestande;
2. 2 Meter radio- en modulasietoetse;
3. Die effektiwiteit van 'n simpleksherhaler as noodkommunikasiemiddel vir mobiele en vaste stasie doeleindes;
4. Die simpleksherhaler as meduim om gesonde kommunikasieprosedures aan te leer weens die tydsbeperking van boodskappe;
5. Eksperimentering met CTCSS en DTMF gekoppelde stelsels aan die simpleksherhaler.

Radioamateurs kan e-posrapporte oor die werking van die herhaler stuur aan zs1i@mweb.co.za.

DATUMS OM TE ONTHOU

NARS ope dag 7 Junie om 10:30; PEARS mikrogolf en Digitale kompetisie op 13 15 Junie SARL kinderdag 16 Junie 09:00 tot 11:00 Nominasies vir Raadslede 18 Junie 13:00. SARL SPESIALE ALGEMENE BEGROTINGSVERGADERING by die NARS op 21 Junie 09:00.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur George, ZS6NE, en gelees is deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. Baie dankie aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so

gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX